

L. SCHEEPERS.

N18/1/2/1.

2394

LUGSENSUS VAN WES ETOSHA MEI 1986

Personeel betrokke:

J.L. Scheepers  
G. Jordaan  
A. Cilliers  
L. Geldenhuys  
J. Grobler.

Helikopter Vlieenier: J. (Doc.) Lawson.

1. INLEIDING:

Die lugtelling is gedoen met die oog op:

- (i) 'n Aanbeveling t.o.v. die getal kameelperde wat uit die gebied verwyder kan word.
- (ii) Die gebied waaruit ses Swartrenosters gedurende Augustus 1986 verwyder moet word.
- (iii) Olifantverspreiding gedurende die nat seisoen.
- (iv) Die getal berg- en vlakte-sebras in die gebied te korreleer met aanbevelings soos vervat in die Meestersplan van Etosha.

2. Metodes:

2.1. Dieselfde basiese metode is gevolg as met vorige helikoptertellings van die gebied, met die volgende veranderings:

- (i) Slegs van ervare waarnemers is gebruik gemaak.
- (ii) Alle transekte is in 'n Noord-Suid rigting gevlieg.
- (iii) Aanpassings aan telblokke (Figuur 1) is gemaak om meer prakties te wees. Sommige blokke is gekombineer sodat die gebied in 5 teleenhede verdeel is.
- (iv) Daar is gebruik gemaak van 1: 100 000 skaal kaarte waarop waarnemings direk aangebring is sodat 'n beter beeld van verspreiding gekry kan word.

2.2. Transekte is vooraf op die vlieënier sowel as waarnemers se kaarte aangebring as 1cm. stroke sodat vliegtyd en hervullingspunte bepaal kan word.

2.3. Die vlieghoogte was 90 meter en vliegspoed 120 km./uur.

2.4. Daar is gebruik gemaak van 'n Bell 47 helikopter met twee waarnemers.

2.5. Die volgende addisionele data is op kaarte aangebring:

Totale teltyd per blok.  
Bewegingsrigting.  
Telrigting (transekrigting)  
Sigbaarheid  
Veldwater.  
Temperatuur.  
Windrigting.

2.6. Tellings is uitgevoer tussen 08h00 en 13h00, behalwe vir blok 1 waar die telling tot 15h30 geduur het.

2.7. Daar is streng gehou by transekte, behalwe waar dit onderbreek is vir geslagsbepaling by renosters of inspeksie van karkasse.

3. Resultate:

3.1. Die totale vir elke diersoort word in Tabel 1 weergegee en vergelyk met die van die 1984 lugtelling.

3.2. Verspreidingskaarte van diersoorte word gegee, waarop een punt een eenheid verteenwoordig. (Fig. 1 tot 16)

3.3. Veldwater word in Fig. 17 aangetoon.

R

TABEL 1.

Aantal diere getel gedurende die lugtelling van Mei 1986 vergelyk met dié van Augustus 1984.

Soort.	Mei 1986.	Augustus 1984.
Kameelperd	444	474
Olifant	196	582
Swartrenosters	51	59
Vlakte sebra	937	631
Bergsebra	656	620
Gemsbok	942	695
Eland	85	197
Koedoe	56	78
Volstruis	508	297
Hartebees	81	76
Blouwildebees	4	17
Swartneusrooibok	16	?
Springbok	729	1060

Koabendes:


Swartneusrooibok:

19


Bastergemsbok:

36 (8 Kalwers).

LUGSENSUS MEI 1980.




FIGUUR 1 : Lugsensusblokke (Vastelyne dui blokgrense aan)




FIGUUR 2 : Bewegingsrigting in elke blok.

LUGSENSUS MEI 1986.




FIGUUR 3 : Transekrigint van elke blok.




FIGUUR 4 : Vliegtijd per telblok.





FIGUUR 5 : Aantal transekte per telblok.




FIGUUR 6 :      Verspreiding van Kameelperde.

## KAMEELPERDE

'n Totaal van 444 diere is getel:

Blok 1	:	145
Blok 2	:	48
Blok 3+4	:	87
Blok 5+6	:	115
Blok 7+8	:	49

Kameelperde het wyd verspreid deur die gebied voorgekom, ver van enige water. Hulle was veral gekonsentreerd in Acaciaveld asook Acacia- T. Prunoidesveld in die omgewing van die kraglyn.



FIGUUR 7 : Verspreiding van Swartrenosters.

## SWARTRENOSTERS.

Totaal getel = 51.

Blok 1 = 23


Blok 2 = 4

Blok 3+4 = 13

Blok 5+6 = 8

Blok 7+8 = 3

In ideale telomstandighede is slegs 3 renosters in die klippanblok getel. Toe blokke 2 en 3+4 getel is was die teperatuur ongeveer 13°C met 'n sterk Oostewind. Die diere het meestal gelê en slegs opgestaan wanneer direk oor hulle gevlieg is. Ses baie jong kalwers ( jonger as 1 jaar is getel).



FIGUUR 8 :      Verspreiding van Olifante.

DdD

## OLIFANTE

Totaal getel = 196.

Die meeste alleenloperbulle is Noord van Duineveld en Nomab gevind, terwyl familiegroepe eweredig verspreid in blokke 1, 2 en 3+4 was.


Blok 1 = 92

Blok 2 = 31

Blok 3+4 = 29

Blok 5+6 = 24

Blok 7 +8 = 20



FIGUUR 9 :       Verspreiding van Bergsebras.



## BERGSEBRAS

Totaal getel = 656

Blok 1 = 4

Blok 2 = 0


Blok 3+4 = 109

Blok 5+6 = 70

Blok 7+8 = 473

Bergsebras het gekonsentreer rondom Renostervlei, Dolomietpunt, Rateldraf en Klippan.

Slegs 4 diere is oos van die Kraglyn getel.



FIGUUR 10 : Verspreiding van Vlaktesebras.


VLA

VLAKTESEBRAS.

Totaal getel = 937

Blok	1	=	389
Blok	2	=	22
Blok	3+4	=	10
Blok	5+6	=	225
Blok	7+8	=	291

Die grootste konsentrasies is Suid van Duikerdrink, Renostervlei en Klippan gevind.



FIGUUR 11 :      Verspreiding van Gemsbokke.

GEMSBOKKE:

Totaal getel = 942

Blok 1 = 252

Blok 2 = 104

Blok 3+4 = 291

Blok 5+6 = 84

Blok 7+8 = 291




FIGUUR 12 : Verspreiding van Elande.

ELANDE.

Totaal = 85

Blok	1	=	6
Blok	2	=	0
Blok	3+4	=	10
Blok	5+6	=	50
Blok	7+8	=	19




FIGUUR 13 : Verspreiding van Volstruise.



## VOLSTRUISE

Totaal getel = 508

Blok	1	=	152
Blok	2	=	185
Blok	3+4	=	87
Blok	5+6	=	40
Blok	7+8	=	44




FIGUUR 14: Verspreiding van Hartebeeste.

HARTEBEESTE.

Totaal = 81

Blok	1	=	38
Blok	2	=	21
Blok	3+4	=	14
Blok	5+6	=	2
Blok	7+8	=	6




FIGUUR 15:           Verspreiding van Koedoes.


KOEDOES.

Totaal = 56

Blok	1	=	16
Blok	2	=	8
Blok	3+4	=	5
Blok	5+6	=	18
Blok	7+8	=	9



FIGUUR 16 : Versore



FIGUUR 17: Veldwater gedurende lugtelling, Mei 1986.

#### BESPREKING:

1. Blaarbedekking het veroorsaak dat diersoorte soos veral koedoes, hartbeeste en swartneusrooibokke nie akkuraat getel kon word nie.
2. A.G.V. baie veldwater buite die Wildtuin het olifante nog nie in groot getalle die gebied binnegekom nie.
3. Hoewel daar gedurende die reënseisoen 'n oënskynlike toeloop van vlaktesebras Wes van Dolomietreeks was, kom die grootste persentasie nou OOs van die Kraglyn voor en is hulle huidiglik geen gevaar vir bergsebrahabitats nie.
4. Gesien in die lig dat 6 Swartrenosters gedurende 1985 uit die gebied geneem is, blaarbedekking asook sterk wind en lae teperature tydens die telling, is die swartrenoster populasie in die gebied veilig.

#### Aanbevelings:

1. Die metode van waarnemings direk op 'n kaart noteer, moet in die toekoms gevolg word.
2. Standaardtransekte, telrigting en bewegingsrigting (soos gedurende hierdie telling gebruik) moet gevolg word.
3. Blok 1 moet in twee dele getel word, deur van die bestaande kaplyn (wat oopgerig moet word) gebruik te maak.
4. Ten minste een waarnemer moet ervaring in kaartlees hê.
5. Daar word aanbeveel dat die bastergembokke asook swartneusrooibokke wat tans in Koabendes is, na Kaross deurgejaag word.
6. Kameelperde moet uit die getelde gebied aan boere beskikbaar gestel word.
7. Swartneusrooibokke moet noukeurig gemoniteer word in die Otjovasandu gebied, daar hul getalle tans vinnig afneem.
8. Geen ander bestuursaksies t.o.v dieregetalle moet geneem word nie.